# Beginsels van ‘n gelukkige huwelik

## Studie 4 - Seks & selfbeheersing

Hierdie is nie vir my ‘n maklike onderwerp om oor te skryf nie omdat ek baie konserwatief grootgeword het, en daar is nooit in ons huis oor hierdie dinge gepraat nie. Gedurende my jare in die bediening en in my persoonlike lewe het ek egter die belangrikheid van hierdie kwessie besef, asook die gebrek van effektiewe bediening in hierdie gebied agter gekom. As ek in die vroeë jare van my huwelik geweet het wat ek nou weet, sou ek sekere moeilike oomblikke kon vermy het.

Jare gelede het ek die volgende vers in die Bybel ontdek:

> *Lev 18:19 “Ook mag jy nie naby ’n vrou kom terwyl sy onrein is deur haar onreinheid, om haar skaamte te ontbloot nie.”*

Daar is verskeie verwysings in die Ou Testament na hierdie gebod, waarvan een van hulle in die profetiese boeke voorkom, waar ongehoorsaamheid aan hierdie gebod onder ander gebooie, die rede was waarom God die volk van Israel verwerp het en hulle uit sy land verwyder het (die gevangeneskap).

**Hoe lief het ek die Wet**

Ek weet daar is baie mense wat seker hulle hande in die lug gooi – *“Maar dit is Ou Testamenties; ons is nie onder die wet nie, ons is onder genade!”* Laat my toe om ‘n sagte kant van die Wet voor te hou. Baie mense voel dat die Wet verouderd en onnodig is, met die gevolg dat talle

Christene die Ou Testament skaars meer lees, met die uitsondering van die Psalms en Spreuke. Gevolglik weet die meeste Christene bitter min, indien enige iets, van die Ou Testament. Die prag en skoonheid daarvan gaan hulle verby. Besin dan gerus waarom Dawid die volgende oor hierdie vermeende harde tugmeester van die wet skryf:

> *Psa 119:97 "Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag."*

> *Psa 119:167 "My siel onderhou u getuienisse, en ek het hulle baie lief."*

> *Psa 19:8 "Die wet van YHWH is volmaak: dit verkwik die siel …"*

Ja, ons weet dat Paulus oor die wet skryf en daarna verwys het as 'n tugmeester, maar hy sê ook dat *"Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe …" (Galásiërs 3:24)*. Is u nie bly daaroor nie! As ons begrip van die Wet wil verkry (en hierdie studie is nie eintlik daarop gemik om die Wet te bestudeer nie), dan moet ons besef dat die Heilige Gees agter die geskrewe Wet was. Jesus self het dit so duidelik gestel:

> *Mat 5:21-22 "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie … Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is ..."*

Hy het voortgegaan en openbaar dat daar agter die gebod om nie dood te maak nie, 'n ander gebod is – *"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself," (Matthéüs 22:39).* As mens liefhet, sal jy nie wil doodmaak nie. Hy gee die

voorbeeld van die gebod om nie egbreek te pleeg nie, maar gaan dan verder om die Gees agter die gebod te openbaar, en dit was dat God begeer dat ons ook rein in gedagte moet wees.

**Selfbeheersing**

Om dan ons inleidende Skrifgedeelte te neem en Jesus se eie voorbeeld te gebruik van hoe om die wet te interpreteer, wat sou mens sê is die Gees agter die wet om nie naby ‘n vrou tydens haar menstruele siklus te kom nie? Sou jy saamstem dat dit selfbeheersing is – ‘n vrug van die Gees? Ek glo daar is nog baie ander Skrifgedeeltes wat daarop wys dat God wil hê mans moet selfbeheersing oor hulle seksuele begeertes en hartstogte beoefen. Hierdie wet het gesorg dat daar ‘n week in elke maand is waar die man homself moet beheer. As dit is wat die wet beveel, hoe moet ons mans dan, aan die sagter kant, teenoor ons eggenote optree?

**Die huwelikslisensie**

Die huwelikslisensie is nie ‘n dokument wat die man magtig om seks te hê wanneer hy ookal so voel nie. Baie mans – selfs Christen mans – beskou dit so; of eerder, dit is die indruk wat die vrou ná die eerste paar jaar van die huwelik begin kry. Sy voel dat sy die heeltyd in aanvraag is en moet optree of anders kan sy dalk geruil word vir iemand wat jonger en mooier is en miskien beter as sy kan optree. Nee, meneer! Die huwelikslisensie is eerder ‘n heilige dokument wat vir jou ‘n sagte en pragtige skepsel gegee het om vir die res van jou lewe op te pas, voor te sorg en lief te hê. Die huwelikslisensie bring eintlik daarmee saam ‘n groot

verantwoordelikheid en ‘n wonderlike voorreg. Moenie daardie voorreg misbruik nie!

**Vas**

Die Bybel praat dikwels van die vas en ons word aangemoedig om te vas. Om te vas is nie ‘n metode waardeur mens God se arm draai om vir ons ‘n guns te doen nie. Om te vas is die *neerlê van die vlees* sodat mens God se stem duideliker sal kan hoor en meer op die geestelike dinge kan konsentreer. Om op ‘n gereelde basis te vas, is ‘n goeie ding.

Is hierdie onthouding van ‘n mens se seksuele begeertes dan nie ‘n *vorm van vas* nie? Ek glo dit is ‘n God-gegewe ontwerp binne die huwelik waartydens die man terug kan tree, sy fisiese begeertes kan beheer en sy vrou spesiaal kan versorg tydens haar ongemaklike tyd – en dit is vir haar ongemaklik. Dit is ‘n goeie geleentheid om uiters versigtig en met ekstra deernis en omgee op te tree. Kom nou, meneer, dit is maar net ‘n week – jy sal niks oorkom nie!

Jy mag dalk net vind dat as jy jou benadering teenoor jou vrou verander, waar *haar* plesier jou primêre motief is, dat julle fisiese verhouding baie meer betekenisvol en genotvol sal raak, en dat julle twee oor ‘n tydperk meer en meer verlief sal raak op mekaar. Dit is hoe dit in my gelukkige huwelik gebeur het en ek dank my hemelse Vader elke dag vir die praktiese leiding wat Hy vir ons in sy Woord gegee het. Mag julle dieselfde vreugde en genot in julle huwelik beleef soos wat julle die waarde van selfbeheersing leer ken en gehoorsaam.

*Henry Jackson*